# NG KERK MOSSELBAAI-SUID

**AFKONDIGINGE: 19 Junie 2016**

*"Betoon hartlike broederliefde teenoor mekaar; bewys eerbied teenoor mekaar en wees mekaar daarin tot voorbeeld". Romeine 12: 10*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir Gemeentehulpfonds. *Biddag vir Blindes.*

**KATEGESE/KINDERKERK:** Geen—langnaweek vir skole.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees!
*Baie welkom aan Dr Thys Blaauw ons gasprediker vanaf Danabaai.*

## VOLGENDE SONDAG



**EREDIENS:** Om **09:00** in die kerkgebou (ds Danie) en **09:30** op Vleesbaai (Dr Kobus van Zyl). *Daar sal soos gebruiklik 'n kinderoomblik in die erediens wees.*

**KATEGESE/KINDERKERK:** Geen gedurende skoolvakansie.

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir die Jan Kriel Instituut vir Blindes.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.

Ds Danie: Maandag om 15:00 in Santos Haven 2 se sitkamer en Dinsdag om 09:30 in die kerkgebou.

Ds André: Vergader eers na die vakansie weer. Ds André gaan met verlof.

Ds Robert: Dinsdag om 09:00 te 17de Laan pastorie en om 19:00 by Tienie Bothastraat; Donderdag om 09:00 Vleesbaai/Rietvlei en Boeklees groep 19:00 te 19de Laan 18.

**Dinsdag:** Gebedsgroep vergader eers weer na die skoolvakansie.

**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15: 30 by Santos 1 (ds Danie).

**Donderdag:** Manne bid 06:00 in die "gat".

**Vrydag:** Skole sluit vir wintervakansie. Rus lekker!

**BANKBESONDERHEDE**

*Dankoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
*Geloofsoffers: Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**PERSKES & ROSYNE:** Ons verkoop vir die Botswana-uitreik! Nog net ongeskilde perskes @ R60/kg. Rosyne @ R40 p/kg. Kry by die kerkkantoor of by ds Robert(na 12:30, 6912244) Daar is ook nou mikrogolf springmielies @ R10.




**HERBERG KINDERHUIS:** Ons beplan om na die skoolvakansie in Julie weer ′n pakkie na die kinderhuis te neem. Die volgende word benodig: koffie, milo, melk en poeierkoeldrank. Sjampoe, seep, handeroom en waslappies. Poeierseep, "handy andy", skottelgoedseep en vadoeke. Koekies, lekkers en beskuit. Smere bv Marmite, grondboonbotter, konfyt, stroop, ens. Beskuit en koekies, blikkies vleis, vis en tuna. Blikwor-sies, polonie en kaas. Kontant ook wel-kom dan koop ons aan wat ons nie ontvang het nie. Daar's 15 dogters in Huis C (laerskool ouderdom). Gee asseblief teen 15 Julie af by kerkantoor. As u van ′n geleentheid weet na Robertson, kontak ons asseblief. Joey de Jager 073 2988142 of 044 6910116.




**KOSKAS:** Junie is **Streek C** en Julie **Streek A** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Joey (073 2988 142).

**Botwana-uitreik:** Vind 25 Junie tot 6 Julie plaas. Die span gaan o.a. 'n speelpark bou. Hulle bestaan uit 31 lede. U kan hulle bederf met beskuit en koekies.

**ACVV Tehuise:** Hou DV basaar op 24 Junie om 9h00. Kom loer gerus by ons in vir heerlike gebak soos koeke en beskuit Ook pannekoek, vetkoek , boereworsrolle en heerlike tuisgebakte koekies.

**DEURKOLLEKTES:** Die deurkollekte vir die Kinderkerk was R1 720,55.

**LET WEL:** Neem vir u 'n Nuusbrief by die deure. Neem gerus ook een vir hulle wat miskien nie hier is nie.

***SAAMKUIER NA DIENS***

*Lekker koffie en tee word weer na die diens in die kerksaal bedien. Kom kuier gesellig saam en leer mekaar beter ken.*



**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse: *Esmé van Rooyen Santos Haven, Marie Laufs Soetdoringstraat,*

**STERFTE:** *Suster van Elaine Schoeman, Village on Sea.*





# GEBEDSBULLETIN

***Tema vir JUNIE:*** *Armoede en Sorg*




## Dank die Here hierdie week vir:

⇒ Ons sintuie (sien en hoor). Vandag is Biddag vir Blindes.

⇒ Jongmense wat die Here onverskrokke dien en volg; onderwysers wat konsekwent hulle geloof uitleef (lees die berig in die nuusbrief oor die werk in Laerskool Park )

⇒ Die werk van Badisa (NGK en VGK se "barmhartigheids-arm") tov versorging van mense in nood. Sondag 26 Junie 2016 is Internasionale Dag teen Dwelmmisbruik en Onwettige Handel.

⇒ Ons koskas, klerekas, sopkombuise en groente-tuinprojek

## Bid hierdie week vir:

⇒ Die Gemeentehulpfonds - wat ondersteuning verleen aan hulpbehoewende gemeentes wat vanweë verminderde lidmaattalle, natuurrampe, ontvolking en swak sosio-ekonomiese toestande nie meer hulle begrotings kan laat klop nie. Die fonds help gemeentes om die geestelike bediening in stand te hou (nie vir kapitale werke of instandhouding van fisiese fasiliteite nie).

⇒ Kinders en studente wat eksamen skryf; onderwysers wat alles moet nasien en punte verwerk.

⇒ Ons sendelinge: Neem die jongste nuusbrief in u hand en bid vir die sendelinge n.a.v. dit wat daar berig word.

⇒ Botswana uitreik. Neem weer die nuusbrief in u hand en bid gereeld vir die uitreik volgens die sake wat daar genoem word.

⇒ Suid-Afrika - ons bure, kollegas by die werk, privaatsekuriteitsmaatskappye, buurtwagte, die polisie en persone in tronke, vir kinders in die skole, die dokters, verpleegpersoneel en pasiënte in hospitale, senior burgers in tehuise, vir vaders en moeders, vir sakepersone en hulle besighede, onderwysers, die stadsrade en regeringsamptenare, hawelose persone, werkloses, verslaafdes, nasionale en provinsiale leiers van Suid-Afrika sowel as hulle raadgewers.

⇒ Veiligheid - dat dreigemente van terreur deur ISIS nie sal plaasvind nie. die Kerk in Suid-Afrika om herken te word as volgelinge van die Here(Hd 4)

⇒ Ons gemeente volgens die gebed van Jabes : "Stort u seën oor ons uit, vergroot ons grondgebied, neem ons onder u beskerming en weerhou onheil van ons sodat geen smart ons tref nie."

⇒ Moslems tydens Ramadan (tot 5 Julie) om 'n ontmoeting met Jesus te Christus te hê.